# LW10

WEEK 5 – ANTWOORDE VAN VORIGE HUISWERK

## Aktiwiteit 5 Hoogte bo seevlak en die aantal rooibloedliggaampies in mense se bloed *(Spesifieke Doelwit 2)*

**Leerdersboek bladsy 109**

1 Mense naby seevlak het minder rooibloedliggaampies as dié hoog bo seevlak/Mense hoog bo seevlak het meer rooibloedliggaampies as dié naby seevlak.

2 **a** Die afhanklike veranderlike is die aantal rooibloedliggaampies.
**b** Die onafhanklike veranderlike is die hoogte bo seevlak.

3 **a** Hoe groter die hoogte bo seevlak, hoe meer rooibloedliggaampies is daar in 'n persoon se bloed.
**b** Lug is dun by hoë hoogtes, dus het 'n persoon meer rooibloedliggaampies nodig om soveel as moontlik suurstof te dra.
**c** Lamontville Golden Arrows woon en oefen by lae hoogte (seevlak), en het dus minder rooibloedliggaampies. Wanneer hulle in Gauteng (hoog bo seevlak) is, is minder suurstof beskikbaar en dus kan genoeg suurstof nie die liggaamselle bereik vir selrespirasie nie. Minder energie is beskikbaar en dus raak die Arrows-spelers baie moeg.
**d** Die Arrows-span behoort 'n paar weke lank hoog bo seevlak te bly en te oefen sodat meer rooibloedliggaampies kan ontwikkel voordat hulle in Gauteng speel.
**e** Die tabel toon die aantal rooibloedliggaampies (in miljoene per 1 $mm^3$ bloed) op verskillende hoogtes bo seevlak.

| Hoogte bo seevlak (m) | Aantal rooibloedliggaampies (miljoene/$mm^3$ bloed) |
|---|---|
| 0 | 5,0 |
| 1 000 | 5,5 |
| 2 000 | 6,1 – 6,2 |
| 3 000 | 6,8 – 6,9 |
| 4 000 | 8,0 |

**f** Nee. Die wetenskaplike het waarskynlik bloed van 'n aantal individue geneem en die gemiddelde van die resultate bereken.